BEKRONING : KRITERIA
(Hersien 2015)

1 **ALGEMEEN**

- Toekennings berus op die grondslag van volgehoue prestasie.
- Geen toekennings sal op 'n ander basis as die hieronder beoordeel word nie.
- Wysigings of toevoegings kan slegs deur die balkiekomitee gedoen word.
- Enige toekenning is 'n voorreg en kan onder bepaalde omstandighede deur die komitee teruggetrek word indien hulle dit as regverdig beskou. Na terugtrekking mag 'n leerder nie meer aanspraak maak op die dra van sulke toekennings nie.
- Lapbalkies : Geen datum op. Vorm gekurf
- Metaalbalkies : Prefekte, Top 10, klasleiers, koorleiers, Volkie v/d week
- Balkies kan aangekoop word by Mev Elna Lecordeur nadat sportsoort afgehandel is en dit aangekondig is. Sertifikaat by bekroningsfunksie.
- Balkie - silwer sertifikaat.
- Prestasietoekenning en erekleure - goue sertifikaat.
- Balkie kom op skoolbaadjie
- Wit balkie - Balkie
- Geel balkie - Prestasietoekenning
- Goue balkie en koord - Erekleure
- By spansport moet 'n leerder 75 % deelname hê en is van toepassing op amptelike reserwes. (Afrigter gebruik eie oordeel by reserwes)

2 **KRITERIA VIR TOEKENNING VAN BALKIE.**

Alle toekennings is onderhewig aan skoolaffiliasie en registrasie.

2.1 ***KULTUUR***

1 Deelname/Lid

KUNSWEDSTRYDSIMBOLE

1 Deelname
2 C
4 B
6 A
8 A+
10 A++

SKOOLREDENAARS

5 Deelname
8 Derde plek
10 Tweede plek
12 Eerste plek
15 Algehele wenner

ATKV REDENAARS

40 Plekwenner van ATKV (1-3)
30 Eindrondte
20 Halfeindrondte
10 Deelname

SUPER 8 REDENAARS

5 Deelname
20 Eerste plek
15 Tweede plek
10 Derde plek

KOORLID

1 jaar	10 punte
2 jaar	20 punte
3 jaar	30 punte
4 jaar	40 punte
5 jaar	50 punte
6 jaar	60 punte
7 jaar	70 punte

Slegs **Suikerbosrand Eisteddfod** en **NEA Heidelberg** word in aanmerking geneem.

- Balkie : Vir 50 punte of meer.
- Prestasietoekenning : Vir 75 punte of meer.
- Erekleure : Vir 100 punte of meer.

2.2 ***SPORT***

2.2.1 RUGBY

* Sertifikaat vir deelname
* Balkie : Deelname aan Valke- Suid semi-finaal
* Prestasietoekenning : Valke 15 tal of 0/12 span
: Wenners van Valke-Suid semi-finaal
* Ere kleure : Deelname aan Valke Cravenweek
: Ligawenners
* Trofee : Die leerder wat die beste prestasie (span) behaal

2.2.2 NETBAL

* Sertifikaat vir deelname
* Balkie : Deelname aan Semi-finaal
* Prestasietoekenning : Wenners van Semi-finaal
: Gekies vir D7 span
* Ere kleure : Suid-Gauteng span
: Ligawenners
* Trofee : Die leerder wat die beste prestasie (span) behaal

2.2.3 KRIEKET

* Sertifikaat vir deelname
* Balkie : Vir 3de plek in liga
* Prestasietoekenning : Vir 2de plek in liga
: Vaaldriehoek kleure verwerf
* Erekleure : Gautengspan en deelname aan Nasionale toernooi
: Ligawenners (1ste plek)
* Trofee : Die leerder wat die beste prestasie (span) behaal

2.2.4 HOKKIE

* Sertifikaat vir deelname
* Balkie : Deelname aan Semi-finaal
* Prestasietoekenning : Semi-finaal wenners
: D7 kleure
* Ere kleure : Suid-Gautengspan en deelname aan Nasionale toernooi
: Ligawenners
* Trofee : Die leerder wat die beste prestasie (span) behaal

2.2.5 TENNIS

* Sertifikaat vir deelname
* Balkie : Poelwenners
* Prestasietoekenning : D7 en D8 Naaswenner
: Vaaldriehoek kleure
* Erekleure : Suid-Gauteng skolespan en deelname aan Nasionale toernooi
: Ligawenners
* Trofee : Die leerder wat die beste prestasie (span) behaal

MINI-TENNIS

* Sertifikaat vir deelname

2.2.6 ATLETIEK

* Sertifikaat vir deelname
* Balkie : Groter Lesedi span
* Prestasietoekenning : D7 span
* Ere kleure : Suid-Gauteng span m.a.w. deelname aan SA's
* Erepenning : Podiumplek op SA's (1,2,3 plek)
* Victor en Victrix Ludorum : Slegs huissport
* Beste baanatleet - seun : Leerders wat die beste prestasie gelewer het
* Beste veldatleet - seun : op die hoogste vlak
* Beste baanatleet - dogter : Leerders wat die beste prestasie gelewer het
* Beste veldatleet - dogter : op die hoogste vlak

2.2.7 LANDLOOP

* Sertifikaat vir deelname
* Balkie : 3 liga-byeenkomste - Plekke 1-6 en kwalifiseer outomaties vir deelname aan D7 kampioenskappe
* Prestasietoekenning : D7 span
* Ere kleure : Suid-Gauteng span kleure m.a.v. deelname aan SA's
* Erepenning : Podiumplek op SA's

2.2.8 GHOLF

* Sertifikaat vir deelname

2.2.9 SKAAK

* Sertifikaat vir deelname
* Balkie : Naaswenners Sedibeng-Oos
* Prestasietoekenning : D7 wenners
* Erekleure : Deelname aan SA's
* Erepenning : Wenner op Bord 1/2/3 by SA's

2.2.10 BUITE SKOOLVERBAND SPORT

* Indien 'n rostrum plek m.a.w. 1, 2 of 3 behaal word op Suid-Afrikaanse Kampioenskappe, word 'n spesiale toekenning aan die betrokke leerder gemaak.
* Die sport organisasie moet by SASCOK geregistreer en geaffilieer wees.

2.3 ***AKADEMIE***

Alle toekennings word gemaak op grond van die leerders se jaarpunt.
(Gemiddelde % van 1ste drie kwartale)

* Balkie : 80 - 84.9 %
* Prestasietoekenning : 85 - 89.9 %
* Erekleure : 90 - 100 %

AKADEMIESE SPAN:

Akademiese span se balkies word kwartaaliks toegeken aan die leerders met 'n gemiddelde persentasie van 85 % en hoër. Balkie mag slegs gedra word in die kwartaal waarin dit verwerf is. Leerders wat dit in die 4de kwartaal verwerf, dra die balkie in die eerste kwartaal van die volgende jaar.

Die akademiese medalje word toegeken aan die leerder wat die hoogste totale punte vanaf Graad 4 tot Graad 7 verwerf het.

2.4 ***SKOOLBESOEK***

* Balkie : 4 jaar ononderbroke 100 % bywoning
* Prestasietoekenning : 5 jaar ononderbroke 100 % bywoning
* Erekleure : 6 jaar ononderbroke 100 % bywoning
* Medalje : 7 jaar ononderbroke 100 % bywoning

2.5 ***VERKIESING VAN PREFEKTE***

* Erekleure : Prefekte en Hoofleiers

	KRITERIA	PUNTE	PERSENTASIE
1	Nominasie deur personeel en Gr 6 leerders	2	30 %
2	Nominasie deur Graad 5 leerders	1	
3	Akademiese prestasie - gem %		30 %
4	**Kultuur** Per Kultuuraktiwiteit Leier by die aktiwiteit Provinsiale deelname	 2 3 4	30 %
5	**Sport** Per Sportaktiwiteit Leier by die aktiwiteit Provinsiale deelname	 2 3 4	
6	Betrokkenheid by ander skoolaktiwiteite bv. dienslewering, leierseienskappe, samewerking, klasoptredes ens.	10	10%
	KRITERIA VIR HOOFSEUN EN MEISIE		
1	Leerlingraad en personeel se stemme		
2	Hoof het beslissende stem by staking van stemme		
3	Onderhoud		

PROSEDURE - LEERLINGRAADSVERKIESING

1 Alle Graad ses leerders ontvang 'n week voor die verkiesing, 'n vraelys oor hul sport-, kultuur- en akademiese deelname / -prestasies. Die voltooide vorm word by die prefekvoogde ingehandig.

2 Personeel, Graad 5 en 6 leerders ontvang almal klaslyste. Almal kry geleentheid om vir dogters en seuns te stem.

3 Die leerlingraadsvoogde tel die stemme.

4 Die kandidate met die meeste punte (volgens verdeling van 30 % stemme, 30 % akademie, 30 % deelname en 10 % betrokkenheid) sal dan as leiers vir die volgende jaar aangewys word.

5 Die bestuurspan en Gr 6 personeel is betrokke by evaluering.

6 Punte word deur die voogde gekontroleer.

7 Na gelang van die hoeveelheid prefekte wat benodig word vir die volgende jaar, sal 'n afsnypunt bepaal word. Aanpassing/wysiging t.o.v. die getal seuns/dogters, kan deur die hoof gekondoneer word.

8 Die leerlingraad word in die saal bekend gemaak.

9 Alle nuwe leerlingraadslede en die personeel kry geleentheid om vir hoofleiers te stem.

10 Sou daar nie 'n duidelike uitkoms wees nie, sal die kandidate met die meeste stemme, vir onderhoude genooi en bepunt word.

11 Die twee seuns en meisies met die meeste punte, sal onderskeidelik hoof- en onderhoofleiers wees. Die hoof het die beslissende stem, sou daar 'n staking van stemme wees.

12 Die nuwe leerlingraad, asook hoofleiers, sal amptelik gedurende die senior bekroning aangewys word.

13 Wanneer leiers 3 inskrywings in dissipline lêer het, word hulle vir 'n week onthef. Indien daar 'n verdere 3 inskrywings is, word die leier onthef vir die res van die jaar.